SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting

Naam en van: H.J. Prinsloo

Universiteit: Universiteit van die Vrystaat

Meesters: X **Doktoraal:** **Postdok:**

Studierigting: Nuwe Testament (Teologie)

Titel van proefskrif of Verhandeling: Die begrip ἐπαγγελία in die lig van Paulus se retoriese strategie in die Brief aan die Galasiërs.

Datum van afhandeling: 13 Oktober 2017 **Uitslag:** Voltooi met lof. 80%

Indien u studie nog nie afgehandel is nie op watter datum beplan u om klaar te wees:

n.v.t.

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

Wanneer `n mens die Brief aan die Galasiërs lees, merk `n mens op dat Paulus die begrip ἐπαγγελία, wat as "belofte" vertaal word telkens gebruik, maar elke keer in verband met `n ander woord of begrip. Hieraan skenk eksegete nie baie aandag nie. Wanneer eksegete na die begrip ἐπαγγελία verwys, word `n enkele interpretasie op grond van `n enkele vers dikwels aangebied met die veronderstelling dat hierdie betekenis, elke keer wanneer Paulus die begrip gebruik, van toepassing is. Eksegete ignoreer dus die moontlikheid om die begrip te verstaan in die lig van Paulus se retoriese strategie in die Brief aan die Galasiërs as geheel. Sommige eksegete interpreteer ἐπαγγελία as 'n belofte wat God aan Abraham gemaak het terwyl ander dit interpreteer as die Heilige Gees om slegs enkele voorbeelde te vermeld. Uit die literatuursoektog geloods, blyk dat slegs twee studies spesifiek op die begrip ἐπαγγελία fokus, maar nie een hiervan werklik `n meer genuanseerde perspektief aanbied nie. Een van hierdie studies wys op die interpretasie van die Heilige Gees terwyl die ander op die moontlike verband tussen die begrippe "belofte" en "evangelie" wys. Hieruit blyk dat bestaande studies nie hoegenaamd die inhoud van die begrip ἐπαγγελία volledig ondersoek of Paulus se retoriese strategie in die brief genoegsaam verreken het nie. Dit is hierdie leemte wat in hierdie studie aangespreek is om die gaping in akademiese kennis in hierdie verband aan te vul. In hierdie studie is `n veel meer genuanseerde perspektief aangebied waarin `n enkele betekenis, deur vorige eksegete voorgestel, nie slegs veronderstel word nie, maar krities in die lig van die retoriese strategie ten opsigte van die brief as geheel, uitgedaag is. Tydens hierdie studie is bevind dat Paulus van sy tydgenote verskil en `n unieke betekenis aan die begrip ἐπαγγελία toeken. Tydens hierdie studie is verder geïllustreer, deur middel verskillende retoriese benaderings, hoe Paulus van sekere argumente gebruik maak om die Galasiërs te oorreed. Die uitkoms van hierdie studie sou met die volgende stelling saamgevat kon word: Die inhoud wat Paulus aan die begrip ἐπαγγελία toeken sowel as die wyse hoe Paulus die begrip ἐπαγγελία gebruik, kan nie geïsoleerd van Paulus se retoriese strategie in die Brief aan die Galasiërs verstaan word nie.